basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

GESKIEDENIS V2

FEBRUARIE/MAART 2013

ADDENDUM

Hierdie addendum bestaan uit 15 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: WAT WAS DIE IMPAK VAN DIE INEENSTORTING VAN DIE USSR OP SUID-AFRIKA?

BRON 1A

Die bron beskryf die faktore wat die Nasionale Party 'geforseer' het om met die African National Congress te onderhandel.

Twee faktore het De Klerk gehelp om druk vir inklusiewe (omvattende) onderhandelinge toe te pas. Eerstens het Suid-Afrika daarin geslaag om homself uit die Namibiese imbroglio (situasie wat 'n verleentheid is) te verwyder met heelwat hulp van die Verenigde State, die Sowjetunie en die Verenigde Nasies. Die langdurige onderhandelingsproses het sy hoogtepunt bereik met die algemene verkiesing in 1989 en onafhanklikheid in Maart 1990. Alhoewel dit moeilik was, het Namibië se oorgang uiteindelik gladder verloop as wat enigeen verwag het. Dit was miskien 'n kleedrepetisie van wat moontlik in Suid-Afrika bereik kon word, asook 'n teken dat die Sowjette se buitelandse avonture onder Gorbachev gestaak sou word en dat 'n ooreengekome skikking in Namibië, Suid-Afrika en elders eerder deur politieke as gewelddadige metodes nagestreef moet word …

Die tweede faktor was die geleidelike verbrokkeling (ineenstorting) van die Sowjetunie en die verkleining van sy dominansie oor die grootste deel van Oos-Europa, wat deur die vernietiging van die Berlynse Muur op 9 November 1989 gesimboliseer is. Die ineenstorting van kommunisme het die bietjie geloofwaardigheid wat die totale-aanslag-dogma nog gehad het, verwoes, en vrese het verminder dat die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party as 'n soort ideologiese Trojaanse Perd ('n manier om die vyand se ondergang te bewerkstellig) binne die African National Congress sou aanbly …

[Uit: *The Rise and Fall of Apartheid* deur D Welsh]

BRON 1B

Hierdie bron fokus op FW de Klerk se reaksie op die val van kommunisme.

Die eerste paar maande van my presidentskap het met die verbrokkeling (ineenstorting) van kommunisme in Oos-Europa saamgeval, wat in November 1989 'n geskiedkundige hoogtepunt bereik het met die val van die Berlynse Muur. Een van ons belangrikste strategiese bekommernisse vir baie dekades – die Sowjetunie se rol in suidelike Afrika en sy sterk invloed op die African National Congress en die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party – het binne die bestek van 'n paar maande so te sê verdwyn. Daar is skielik 'n geleentheid geskep om 'n baie meer gewaagde benadering te volg as wat voorheen denkbaar was.

Die kabinet moes hierdie situasie in oënskou neem. Alhoewel ons reeds begin het om 'n klimaat vir onderhandelings te skep, was ons optrede steeds stadig. Ons het 'n omvattende onderhandelingstrategie nodig gehad. Ek het 'n proses van deeglike ontleding aan die gang gesit wat op 'n bosberaad (vergadering waar belangrike besluite geneem word) tussen 3 en 5 Desember 'n hoogtepunt bereik het.

Ons het begin deur onsself af te vra hoe ons onderhandelinge vir 'n nuwe konstitusionele bestel kon aanmoedig. Ons het saamgestem dat dit belangrik was om die inisiatief te neem en om morele voordeel te behaal … Hieruit het ons 'n duideliker beeld gekry van hoe ons ons kernvisie van 'n verenigde Suid-Afrika wou verwerklik: 'n Suid-Afrika waar almal gelyke regte en geleenthede sou hê en waarbinne ons talle minderheidsgroepe nie bedreig of onderdruk sou word nie ...

Aan die einde van ons Desember-bosberaad was die hele kabinet (selfs die konserwatiefste lede) gereed vir die kwantumsprong wat ek hulle belowe het toe ek in Februarie 1989 leier geword het. Hulle het die volle logiese gevolge van magsdeling aanvaar en dat daar redelike beskerming vir minderheidsregte sou wees en het saamgestem dat die ANC deel van die proses sou moes wees.

[Uit: *Die laaste trek – 'n Nuwe Begin* deur FW de Klerk]

BRON 1C

Die bron bestaan uit 'n geskrewe en 'n visuele bron oor die impak van De Klerk se 1990-toespraak.

Geskrewe Bron: Die reaksie van die ANC op FW de Klerk se toespraak op 2 Februarie 1990.

Sy aankondigings het die verbanne ANC heeltemal verras: die ontbanning van die African National Congress, die Pan Africanist Congress en die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party; die onderneming om Mandela gou vry te laat; die vrylating van talle politieke gevangenes; die opheffing van mediabeperkinge en die verklaring van sy regering se verbintenis tot die skep van 'n 'totaal nuwe en regverdige bedeling' gebaseer op gelykheid.

Dit was so onverwags, selfs strydig met sy karakter. Dat De Klerk sê die 'agenda is oop' en dat die 'algehele doelstellings' 'n 'nuwe, demokratiese grondwet' en 'algemene stemreg' insluit, het oortuigend genoeg voorgekom. Die meeste mense in Lusaka en elders het dit as 'n ware geleentheid vir ope politiek beskou, maar ander het aan die begin vermoed dat dit oëverblindery kon wees. Hulle reaksie het die dekades van agterdog en wantroue weerspieël wat uit die Nasionaliste se jarelange afsydigheid (onverskilligheid) teenoor die swart meerderheid gespruit het.

Die mees optimistiese stem was miskien dié van Thabo Mbeki. 'Indien mnr. De Klerk sê dat die tyd om te praat, aangebreek het,' het die ANC se buitelandse sekretaris vanaf Stockholm gesê, 'sê ons dalk dieselfde ding.'

[Uit: *Apartheid An Illustrated History* deur M Morris]

Blaai om vir Visuele Bron.

<u>Visuele Bron:</u> 'n Foto wat die reaksie van 'n swart Suid-Afrikaner op die ontbanning van die African National Congress in Februarie 1990 toon.

[Uit: *One Law, One Nation: The Making of the South African Constitution* deur L Segal, et al]

FW se omvattende maatreëls

ANC ontban

VRAAG 2: HOE HET DIE VAL VAN DIE USSR IN 1989 ANGOLA SE HERVOORSTELLING BEÏNVLOED?

BRON 2A

Die bron bestaan uit 'n geskrewe bron en 'n visuele bron wat fokus op die eerste vredesooreenkoms wat verskillende Angolese politieke organisasies op 31 Mei 1991 in Bicesse onderteken het.

Geskrewe Bron: Die uittreksel beskryf die Angolese vredesproses wat in 1991 in Bicesse afgespeel het.

Na onafhanklikheid en regdeur die 1980's het Angola 'n pion in die Koue Oorlog geword. Die Sowjetunie het lenings, militêre raadgewers en wapens verskaf om die MPLA-regering in Luanda te ondersteun. Die Kubane het tot soveel as vyftigduisend troepe gestuur. Suid-Afrikaanse magte het periodiek Angola se grense oorgesteek om SWAPO-basisse in Angola aan te val … Werklike vordering in die oplos van die Angolese konflik is in 1990 gemaak. Op daardie tydstip het Portugal, met die hulp van die Verenigde State en die Sowjetunie, aan 'n nuwe rondte samesprekings met die MPLA en UNITA in Bicesse, Portugal deelgeneem. Die samesprekings is gemotiveer deur die eenvoudige, maar kritieke, feite dat nie een van die twee kante 'n militêre oorwinning kon behaal nie en dat hulle tradisionele beskermers (volgelinge) nou vasberade was om druk toe te pas vir 'n politieke skikking.

Die onderhandelings was moeilik, maar uiteindelik suksesvol. In Mei 1991 het UNITA en die MPLA die *Arcordos de Paz para Angola* of die Bicesse-verdrag onderteken. 'n Skietstaking het twee weke later in werking getree. Saam met die skietstaking het die vredesooreenkoms ook gevra vir die integrasie van die twee weermagte in 'n enkele nasionale weermag en die hou van internasionaal beheerde verkiesings tussen September en November 1992. Die militêre magte moes voor die verkiesing geïntegreer word. Die verdrag het ook die 'tripel zero'-klousule vasgestel, waarvolgens die Verenigde State, die Sowjetunie en Portugal ingestem het om nie dodelike materiaal aan die stryders te voorsien nie en ook belowe het om ander te beïnvloed om dieselfde te doen.

[Uit: *Angola's Last Best Chance For Peace: An Insider's Account Of The Peace Process* deur P Hare]

Blaai om vir Visuele Bron.

<u>Visuele Bron:</u> Hierdie foto is geneem nadat die Bicesse-vredesooreenkoms in 1991 onderteken is. Dit toon Jonas Savimbi in Jamba, saam met Jeremias Chitunde, vise-president van UNITA en Miguel Nzau Puna.

Jeremias Chitunde **Miguel Nzau Puna**

Jonas Savimbi

[Uit: http://www.mbokamosika.com/article-il-y-a-10-ans-mourait-jonas-malheiro-savimbi-100064854.html. Toegang op 10 April 2012]

BRON 2B

Die uittreksel beskryf hoe Eduardo Dos Santos en Jonas Savimbi hul posisies in Angola na die Bicesse-vredesooreenkoms in 1991 misbruik het.

Uittreksel 1: Hierdie uittreksel fokus op hoe Dos Santos sy posisie misbruik het om familie en vriende te verryk.

Dwarsdeur die jare van oorlog en vrede het Dos Santos en sy entourage (volgelinge) gefloreer. Vanuit sy hoofkwartier in Futungo de Belas het Dos Santos 'n presidensiële beskerming-(ondersteuning)stelsel gelei wat sy familie, vriende en kollegas, en die futungos (elite-families) met regeringskontrakte, sakegeleenthede, diamantkonsessies, grondtitels, invoerlisensies, handelsmonopolieë en goedkoop krediet beloon het. Deur wapenaankope vir die oorlog het 'n paar uitgesoektes groot bedrae smeergeld ('kick-backs') gekry. Die regering se privatiseringsprogram het dit vir hooggeplaaste weermagoffisiere en senior amptenare moontlik gemaak om staatsbeheerde eiendom, plase en besighede teen nominale bedrae, of soms teen geen betaling nie, te bekom …

Die groot kontras tussen die ryk elite en die massa-armoede van die res van die bevolking was nêrens duideliker as in Luanda nie. Die strate was gepak met die nuutste modelle Mercedes-Benz en Toyota Land Cruisers; waterponies het in die baai rondgery; pryse in lugverkoelde inkopiesentrums was gelykstaande aan pryse in Londen. Maar op die straathoeke het groepe straatkinders en *mutilados* (beseerde mense) by die verbygangers gebedel. Die helfte van die stad se bevolking van 4 miljoen het geen toegang tot skoon water gehad nie en het op onbehandelde water uit die Bengorivier, wat in emmers by straatverkopers gekoop is, oorleef. Die meeste Angolese het op minder as sewentig sent 'n dag oorleef.

[Uit: *The State of Africa – A History of Fifty Years of Independence* deur M Meredith]

Uittreksel 2: Hierdie uittreksel beskryf hoe Savimbi tydens die Angolese burgeroorlog hulpbronne uitgebuit het.

UNITA se beheer oor sulke agterplaas-diamantdelwerye regoor die land het sonder twyfel bygedra tot Savimbi se skatkis … Dit was immers deur die verowering van die diamantvelde in hierdie twee provinsies dat UNITA dit reggekry het om die oorlog na 1992 te befonds … Teen die 1990's was dit duidelik dat die Angolese oorlog nie oor ideologie of enigiemand se vryheid gegaan het nie. Dit het oor geld gegaan. Analiste het die begrip 'hulpbronoorlog' gebruik om hierdie baie kontemporêre tipe konflik te beskryf … Koloniale amptenare was vry om enigiets te vat wat hulle uit die aarde of van die mense van die besette gebied wou hê, op voorwaarde dat hulle elke jaar 'n voorafbepaalde belasting aan die Portugese kroon betaal. Angola tydens die oorlog het die koloniale verlede weerspieël. Die FAA (Angolan Armed Forces)-generaals wat gebiede by UNITA teruggewen het, kon min of meer daarmee doen wat hulle wou, solank daar 'n gedeelte aan Luanda teruggegee is. Die regering en UNITA-generaals kon met mekaar handel dryf wanneer dit hulle gepas het.

[Uit: *An Outbreak of Peace: Angola's Situation of Confusion* deur J Pearce]

BRON 2C

Hierdie Portugese spotprent is in Engels en toe in Afrikaans vertaal. Dit lewer kommentaar oor korrupsie wat tydens die konflik in Angola plaasgevind het. Dit het op 1 Junie 2000 in *Actual* verskyn.



[Uit: *The Peaceful Face of Angola: Biography of a Peace Process* deur MG Comerford]

VRAAG 3: VOOR WATTER STRUIKELBLOKKE HET SUID-AFRIKA TUSSEN 1990 EN 1994 OP DIE WEG NA DEMOKRASIE TE STAAN GEKOM?

BRON 3A

Die bron verwys na Nelson Mandela se houding na sy vrylating uit Victor Verster-gevangenis op 11 Februarie 1990.

Toe hy gevra is hoe die man wat na sewe-en-twintig jaar uit die tronk gestap het, van die een verskil het wat ingegaan het, het hy geantwoord: 'Ek het volwasse uitgekom.' Mandela het nie daarvan gehou om oor homself te praat nie. Hy het gesê dat hy baie keer woede teenoor wittes gevoel het, maar nie haat nie. Sy haat was op die stelsel gerig. Sy woede was op individue gemik, nooit teen wittes as 'n groep nie.

Maak nie saak watter persoonlike ontberinge hy moes verduur nie, hy was vasbeslote om nooit die doelwit van nierassige demokrasie te vergeet nie. Hy het geglo dat wit vrees daarvoor uiteindelik oorwin kon word.

Die voorbeeld wat hy gestel het, was uiters belangrik. As Mandela, na sewe-en-twintig jaar in die tronk, kon uitkom en aandring op versoening, het dit die eise van diegene wat wraak en vergelding gesoek het, ondermyn. Sy ruimhartige geaardheid het ook 'n groot uitwerking op sy wit vyande gehad, wat hom die mate van vertroue wat die grondslag vir 'n politieke skikking gelê het, besorg het.

[Uit: *The State of Africa – A History of Fifty Years of Independence* deur M Meredith]

BRON 3B

Die bron bestaan uit twee standpunte oor die onderhandelingsproses tussen die verskillende politieke rolspelers na 1990.

<u>Standpunt 1:</u> Hierdie is deel van 'n uittreksel deur Tertius Delport, 'n hooggeplaaste lid van die Nasionale Party. Hy het na FW de Klerk sy toespraak op 2 Februarie 1990 gelewer het, sy vrees uitgespreek.

Die ANC gaan ons land vat. Hulle gaan alles waarvoor ons gewerk het, vat. Ons gaan geen wet en orde hê nie. Dit sal nie veilig wees om in die strate te loop nie. Die SAKP en MK (Umkhonto weSizwe) wil absolute oorheersing in 'n eenpartystaat hê en ons sal 'n algehele sosialistiese benadering tot die ekonomie hê … die NP moet desperaat veg vir die beskerming van minderhede sodat een groep of party nie al die mag in die hande kry nie. Ons moet 'n veelpartysituasie in Suid-Afrika verseker.

[Uit: *One Law, One Nation – The Making of the South African Constitution* deur L Segal en S Cort]

<u>Standpunt 2:</u> Hierdie is opmerkings wat deur Frene Ginwala (1991) gemaak is waarin sy haar standpunt gee oor hoe 'n 'nuwe' Suid-Afrika kon lyk. Sy was 'n lid van die ANC en OR Tambo se assistent.

… almal van ons was tydens die baie jare van die vryheidstryd oortuig dat oorwinning seker was. Dit was een van die gunsteling slagspreuke. Maar daar was nooit 'n duidelik afgebakende en ondubbelsinnige (eenvoudige) scenario van hoe daardie oorwinning sou plaasvind nie en wat werklik sou gebeur nie. Daar is gretig gedebatteer oor 'n skuif na 'n volksoorlog en die moontlikheid van 'n opstand … en daar is baie fantasieë (drome) geweef oor 'n omsingelde regime wat om die Voortrekkerbeweging (Monument) hergroepeer agter 'n laer gevorm deur ossewaens en Casspirs, tenks, niesmasjiene, vuurpyllanseerders ensovoorts, terwyl die gewone mense openbare geboue, fabrieke en die magsinstellings in stede en op die platteland oorneem. Ons het visioene gehad van MK-bevelvoerders wat voor hul troepe in Pretoria, Johannesburg en al die stede in Suid-Afrika inmarsjeer, terwyl mense spontaan 'n nasionale konvensie stig om die nuwe grondwet te skryf.

[Uit: *The Rise and Fall of Apartheid* deur D Welsh]

BRON 3C

Die bron bestaan uit 'n geskrewe en 'n visuele bron oor die Bhisho-slagting wat op 7 September 1992 plaasgevind het.

<u>Geskrewe Bron:</u> Hierdie uittreksel beskryf die gebeure wat tot die Bhisho-slagting gelei het.

Intussen het die ANC sy massa-optredeveldtog voortgesit wat in September 1992 gelei het tot 'n optog in Bhisho, die hoofstad van die onafhanklike Ciskei-tuisland in die Oos-Kaap. Tagtigduisend mense het aan die protes deelgeneem om die Ciskei se ongewilde militêre leier, kolonel Oupa Gqozo, uit te dryf. Ciskeise soldate het egter op die betogers geskiet en 29 mense het gesterf en meer as 200 is beseer. Die media het ANC-leiers daarvan beskuldig dat hulle 'roekeloos' was om die optog te lei, maar het ook erken dat dit die regering se 'plaasvervangers' was wat vir die dood van so baie mense verantwoordelik was.

<u>Visuele Bron:</u> Hierdie foto is op 7 September 1992 geneem nadat Ciskeise soldate op betogers geskiet het gedurende 'n optog na 'n stadion in Bhisho.

[Uit: *One Law, One Nation- The Making of the South African Constitution* deur L Segal en S Cort]

VRAAG 4: WAT WAS DIE IMPAK VAN DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGS-KOMMISSIE (WVK) OP SUID-AFRIKA?

BRON 4A

Hierdie uittreksel verduidelik die redes vir die stigting van die WVK.

Mandela het geglo dat, met die uitsondering van Hitler se volksmoord van die Jode, 'daar geen boosheid was wat so deur die wêreld veroordeel is soos apartheid nie'. Die ANC moes 'n manier vind om te vergewe sonder om te vergeet. Mandela se oplossing om te vergewe sonder om te vergeet was om in 1995 die Waarheids-en-versoeningskommissie (WVK) te stig. Mandela was daarvan oortuig dat die waarheid vertel moes word en, met die skuldiges wat hul afgryslike oortredings in die openbaar erken, dat ware versoening deur die proses sou plaasvind. Onder die voorsitterskap van Aartsbiskop Desmond Tutu het die WVK baie bekentenisse van aaklige misdade, hoofsaaklik oor marteling en moord, aangehoor. Die meeste het van die verdedigers van apartheid gekom, maar party was ook van die ANC af.

[Uit: *The Rise and Fall of Apartheid* deur M Roberts]

BRON 4B

Die bron verduidelik Desmond Tutu se standpunt oor die rol van die WVK. Hy gee voorbeelde van menseregteskendings wat deur beide die Nasionale Party-regering en die bevrydingsbewegings gepleeg is.

Hierdie is 'n mal land; as wonderwerke enige plek moes gebeur, dan is dit hier waar dit sou moes gebeur. Daar is vir geen ander land so baie gebid as vir hierdie een nie. Jy onthou die wit vrou wat 'n slagoffer was van die APLA-aanval op King William's Town se gholfbaan. Sy was so erg beseer dat haar kinders haar moes leer om dinge te doen wat ons as vanselfsprekend beskou. Sy kan steeds nie deur sekuriteitskontrolepunte by lughawens gaan nie omdat sy skrapnel (stukkies metaal) in haar liggaam het. Sy het gesê: 'Ek sou graag die skuldige wou ontmoet in die gees van vergifnis. Dis wonderlik.' Sy sê verder: 'Ek sou hom graag wou vergewe,' en dan totaal onverwags voeg sy by, 'en ek hoop hy sal my vergewe'. Malligheid.

Of die Afrikaner pa wie se klein seuntjie in die ANC Amanzimtoti Wimpy Bar-bomaanval gesterf het. Hy het gesê dat hy glo sy seun tot die koms van die nuwe bedeling bygedra het. Of die Afrikaner vrou in Klerksdorp wat oor die ontvoering van haar man deur bevrydingsmagagente getuig het, wat gepraat het van hoe haar smart en verlies slegs 'n druppel in die oseaan is in vergelyking met ander mense se lyding in hierdie mooi getraumatiseerde land. Of die dogter van die Cradock Vier wat, nadat sy al die grusame inligting oor hoe haar pa vermoor is aangehoor het, in 'n gespanne Oos-Londen-stadsaal gesê het: 'Ons wil graag vergewe, ons wil net weet wie om te vergewe'… Wie sal nie deur sulke woorde geraak word nie? Wie sal twyfel dat 'n noemenswaardige bydrae tot genesing en versoening gemaak is?

[Uit: *Facing the Truth: South African Faith Communities and the Truth and Reconciliation Commission* deur J Cockraine, et al]

BRON 4C

Die spotprent deur Zapiro wys hoe Desmond Tutu die finale WVK-verslag in 1998 aan President Mbeki oorhandig. Heel regs in die spotprent word De Klerk saam met offisiere van die apartheidstaat se staatsveiligheidsagentskap gesien wat besig is om bewyse te versnipper.

ONS HET SOVEEL BEWYSE HANTEER AS WAT ONS KON.

ONS OOK.

WVK FINALE VERSLAG

[Uit: *Truth and Reconciliation in South Africa: 10 Years On* deur F du Toit, et al]

ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Cockraine, J. et al. 1999. *Facing the Truth: South African Faith Communities and the Truth and Reconciliation Commission* (David Phillip, Cape Town)
Comerford, MG. 2005. *The Peaceful Face of Angola: Biography of a Peace Process (1991 to 2002)* (John Meinert Printing, Windhoek)
De Klerk, FW. 1998. *A New Beginning* (Human and Rousseau, Cape Town)
De Klerk, W. 1991. *The Man in his Time – FW de Klerk* (Jonathan Ball, Cape Town)
Die Burger (10 February 1990)
Du Toit, F. et al. 2006. *Truth & Reconciliation in South Africa: 10 Years On* (David Phillip, Cape Town)
Hare, P. *Angola's Last Best Chance for Peace: An Insider's Account Of The Peace Process* (United States Institute of Peace Process, Washington DC)
http://www.mbokamosika.com/article-il-y-a-10-ans-mourait-jona-malheiro-savimbi-100064854.html
Meredith, M. 1997. *The State of Africa – A History of Fifty Years of Independence* (Free Press, London)
Morris, M. 2012. *Apartheid An Illustrated History* (Jonathan Ball Publishers, Jeppestown).
Pearce, J. 2005. *An Outbreak of Peace: Angola's Situation of Confusion* (David Phillip, Cape Town)
Roberts, M. 1998. *South Africa 1948–94: The Rise and Fall of Apartheid* (Longman, Essex)
Segal, L & Cort, S. 2011. *One Law, One Nation – The Making of the South African Constitution* (Jacana Media Pty Ltd, Johannesburg)
Welsh, D. 2009. *The Rise and Fall of Apartheid* (Jonathan Ball Publishers Pty Ltd, Johannesburg)

Kopiereg voorbehou